# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 3 | Julie 1997 | Vol. 29


## DRIE IN EEN
## Ken ons nóg die "van NIE-KERKs"?

Daar is in die kerke van gereformeerde belydenis in Suid-Afrika 'n sweer wat besig is om te kanker: ons is besig om mekaar ekumenies te belieg oor kerkeenheid. Ons is deesdae bang om die woord valse kerk op ons lippe te neem, deels omdat ongehoorsame verdraagsaamheid deel van ons bestaan geword het, en deels omdat ons dalk bang is ons slaag self nie die toets nie. Ons hou formeel (kerklik) met die mond by die belydenis as eenheidsgrond, terwyl sekere dade daardie eenheid weerspreek. Ons hou klassisse en sinodes waar ons openlik verklaar dat ons een is in leer, diens en tug, en dat ons almal wat met ons dit eens is, nooi om by ons aan te sluit. Ons sê ons is een - maar is ons?

### Christus of Ons?

Dit wil al hoe meer lyk of ons eerder drie "kerke" in een kerk is. Wat hier gesê word, geld nie net vir die GKSA nie, maar ook vir die Hervormde Kerk en die NG Kerk. Die vraag is heel maklik: HET ons kerkeenheid of SOEK ons kerkeenheid? Is dit 'n gegewe wat die Gees van God bewerk het, of is dit iets wat die mens self daar moet stel? Vergader Christus sy kerk of is dit ons werk om mense by mekaar te bring? Het ons nog die moed om van ware en valse kerk te praat? Ken ons nog die "van NIE-KERKs", die valse kerk in ons midde. Ons moet die vrugte van die bome gaan ondersoek en kyk of dit eenheidsvrugte is, en as dit nie is nie, moet die wortel gesoek word waar die verskillende verdeeldheidsvrugte vandaan kom.

### Drie Soorte Kerke

Daar is basies drie "kerke" wat in die een kerk voorkom. Al drie wil die naam kerk dra, maar "drie-in-een" sal nie deug om die eenheid van die kerk van Christus te dien nie. Die drie lyne is:

⋆ Die ware gereformeerde lyn wat wil reformeer na die eise van God se Woord, wat die belydenis handhaaf vir alle lewenssfere en wat eerlike selfondersoek instel as daar iets skadeliks is wat die kerke bedreig. Die gesag van die Woord van God word hier sonder besware gehandhaaf, en ware reformasie word nie verwar met konserwatisme nie. Dit is mense wat erken dat Christus as Herder sy skape self bymekaar maak.

⋆ Die sogemaande charismatiese groep (waarvan die selgemeenterigting die nuutse is) is die tweede groep. Hier word wel die Woord van God as gesagvol gehandhaaf, maar baie selektief. Net sekere gedeeltes van die Skrif kry aandag, terwyl ander, (soos dié oor besondere ampte) nie gelees word nie, en selfs as skadelik vir die kerk geag word. Hier kom ook 'n individuele vrysinnigheid voor wat nie te rym is met die orde wat die Hoof van die kerk handhaaf nie. Die rigting het ook nie ontkom aan die seekatarms van die post-modernisme nie. Hulle wil met 'n nuwe mistiek met betrekking tot die botydelike liggaam van Christus 'n eenheid buite Christus se regering bewerkstellig.

⋆ Derdens is daar die ondergrawers wat doelbewus die gesag van die Woord ondermyn en beskimp. Die Woord het vir hulle gesag net so ver as wat hulle verstand, emosie of billikheidsgevoel dit toelaat. Die relasionele waarheidsteorie maak dat die mens sal besluit hoe hy God se Woord as gesagvol sal beleef.

***In hierdie uitgawe:***


⋆ DRIE IN EEN
Ds. A.L.A. Buys ........ 1

⋆ Skrifoordenking:
God alleen regeer
Dr. Wynand du Plessis ........ 4

⋆ 'n Bybelse definisie van Volk
Ds. S.J.M.S. Smit ........ 6

⋆ Die plig van die onderdaan in die staat, volgens Calvyn
Dr. D.F. du Plessis ........ 9

As ons na die veskillende kerke gaan kyk, sien ons dat in 'n mindere of meerdere mate al drie die rigtings in een kerk(verband) teenwoordig is. Die wrang vrugte verskil dalk in die verskillende kerkverbande, maar die wortels is telkens dieselfde.

## GKSA in Besonder

By die kerke binne GKSA-verband hoor mens dinge wat jou nekhare laat rys:

⋆ Is dit so dat meer as 30 gemeentes al kelkies ingevoer het terwyl ons steeds die eksegese van die sinode van 1930 aanvaar en dit nog nie ter syde gestel het nie? Is die Skrif hieroor werklik so onduidelik soos wat die debat in Die Kerkblad wil laat blyk? Het die gemeentes wat oor hulle voete val om kelkies te gebruik, werklik die sinodebesluit aan die hand van die Skrif getoets (ratifikasie), of word daar nou op tipies kollegiale wyse gesê:"die sinode maak beide opsies moontlik". As die gesag van die Woord hoog geag word, is daar nie plek vir sulke uiteenlopende sienings nie.

⋆ Wat word van ons onderlinge afsprake as mens hoor van 'n A.G.S.-pastoor wat 'n gereformeerde kansel bestyg? (Hy het seker nie oor die verbond gepreek nie!). Is dit nou die nuwe manier van doen? Dit kom voor asof afsprake stil-stil verbreek word in die hoop dat gemeentes met 'n voldonge feit, t.o.v. eenheid gekonfronteer sal word. Indien dit waar is dat sulke dinge plaasvind, dan word die negende gebod oortree, en loop ons gevaar om vir die Heilige Gees te lieg, aangesien ons die eenheid wat die Heilige Gees gee, self probeer namaak.

⋆ Kan 'n gemeente wat sy ouderlingamp vir alle praktiese doeleindes afgeskaf het en met "selgroepleiers" werk, nog steeds aanspraak maak op die kenmerke van die ware kerk?

⋆ Waar vroue as "hulpdiakens" aangestel word, en waar die vrou in die leeramp bepleit word, word die gesag van die Skrif vervang met allerlei vindingryke eksegetiese eiegeregtighede.

## Afsprake verbreek

Om stilweg die Skrif te ondermyn as dit kom by leer, diens en tug, is om die minste daarvan te sê skynheilige oneerlikheid. Waarom kan daar nie openlik gepraat word - uit die Skrif - oor wat en hoe die kerke moet optree nie? Diegene wat die afsprake doelbewus en heimlik verbreek, skaad die eenheid van die kerk van Christus. Diegene wat maak asof daar 'n nuwe ekumene kan ontstaan - los van Christus se voorskrifte - is valse profete wat met Christus probeer meeding om die eienaarskap van sy kerk.

## Ook die NGK

Hierdie onheilige "drie-eenheid" kom ook by ander kerkverbande voor. Uit liefde vir die liggaam van Christus, wat nie geskeur mag word nie, moet dit ook aan mekaar gesê word.

Die NG Kerk kom al hoe meer in 'n drukte. Van buite die kerk klop die sosialisme sterk aan die deur. Wanneer die NG Kerk die Belhar-belydenis aanvaar om sodoende "kerkeenheid" met die VGK te bereik, moet hulle weet dat hulle die deur vir Marxisme in die kerk oopgemaak het. Die Skrif se gesag sal aangetas word wanneer Belhar, soos hy nou staan, aanvaar word, veral die gedeelte wat sê dat God op 'n besonderse manier aan die kant van die armes is. Die regeeramp in die NG Kerk, die ouderlinge, moet hierdie dwaling uitwys en afwys. Indien dit nie gebeur nie, gaan die prediking in die NG Kerk vervlak tot 'n tipiese "social gospel", waar die kerk minder oor Christus praat en meer oor die armes, en meer by die rykes gaan vat as by God, die gewer van alle dinge.

## Selgemeentes

Die charismatiese streep loop ook dik in die NG Kerk. Aangesien die ouderlingamp meerendeels nie meer skriftuurlik funksioneer nie, maak die NG Kerk die fout om byvoorbeeld die nuwe selgroepe eerder te probeer akkommodeer as om die onskriftuurlikhede daarvan uit te wys. Positief oor die selgroepe kan gesê word dat hulle eerlik die amp van die gelowige wil stimuleer, maar hulle doen dit op 'n onskriftuurlike wyse deur die amp van ouderling en diaken heeltemal te wil afskaf. Verder gaan die selgroep selektief met die Woord om en bring hulle meer steuring in gemeentes as rus. Dit help nie om te poog om "nie lidmate te verloor nie", maar in die proses word die gesag van die Woord ondergeploeg. Die selgroepe is erg anti-belydenis en as hulle gelos gaan word om aan te gaan, gaan hulle uiteindelik hulle eie kerkverband vorm waar die (oop en tuglose) nagmaal bedien word en die (nie-verbondmatige) grootdoop plaasvind.

## Reformasie in die NGK nodig

By die NG Kerk is daar 'n groot groep lidmate wat, alhoewel hulle nie die oorsaak kan aandui nie, tog diep ongelukkig voel oor die stand van sake. Vir die eg gereformeerde in die NG Kerk is daar maar net een optrede: ware reformasie. Daar moet weer volgens die Skrif en belydenis opgetree word, en veral die ouderling moet weer sy regmatige plek kry en die diakenamp moet gereformeer word van "kollektant" tot een wat die onderlinge liefde aanwakker.

## Die Hervormde Kerk

By die Hervormde Kerk kom die "drie-in-een" ook voor. Een lyn wat hier uitgelig kan word, is die Skrifondergrawers wat met 'n nuwe manier van Skrifuitleg besig is. Op die laaste algemene kerkvergadering (1995) is onder andere oor dobbel soos volg besluit: "Die vergadering bevestig sy geloof dat daar geen ander god as die God van die Bybel is nie. Daar is dus geen afgod of noodlot wat kansspel bepaal nie. Kansspel is die resultaat van wiskundig-bepaalde ewekansigheid. Daar kan dus geen beswaar wees teen kansspel as sodanig nie ... Die vergadering spreek hom ten gunste uit daarvan dat in die toestaan van dobbellisensies die wens van die gemeenskappe gerespekteer word" (Besluitebundel p 56).

## "Intensie" die norm

Verder word gesê dat die "intensie of motief waarmee aan kansspel deelgeneem word, deurslaggewend is" (Besluitebundel, p 109). Dit beteken dat die wet van God nie meer bepaal wat sonde is en wat nie, maar die bedoeling van die mens maak sy optrede nou sondig of nie. Hier word die hart van die Skrifgesag aangetas, aangesien die mens nou self kan besluit watter optrede as sonde geag kan word en wat nie. Hierdie besluit van die algemene kerkvergadering is onskriftuurlik en indien dit gehandhaaf bly, gaan dit hom nog wreek as dit by die toesig oor die nagmaal gaan. Hoe kan 'n volhardende dobbelaar weggewys word, as dit nie sy hartsbedoeling was om te sondig nie? Wat gaan gebeur as hierdie eksegese op ander sondes toegepas gaan word? Sal ons nog van egbreek en moord en molestering kan praat as elkeen hom maar net beroep op sy "suiwer intensies" voor God.

## Probleme met dieselfde Oorsaak

Hierdie wrang vrugte wat by die kerke uitgewys word, moet ons bring tot die oortuiging dat alhoewel ons probleme nie dieselfde is nie, is die wortel daarvan by almal eenders. Die wortel van die onstuimigheid is hoofsaaklik twee sake: Die aantasting van die Skrif se gesag en 'n onskriftuurlike siening oor kerkeenheid.

## Kuyper en Kerkeenheid

Oor kerkeenheid hier te lande het die denke van Abraham Kuyper 'n groot rol gespeel. Kuyper het die gereformeerde kerke in Suid-Afrika geen guns bewys met sy pluriformiteitsteorie met betrekking tot kerkeenheid nie. W.D. Jonker (In die Skriflig, Sept 1989, p.14) dui goed aan wat die probleem met Kuyper se pluriformiteitsleer is: "Kuyper is van mening dat uit die een massa-kerk deur opsplitsing verskillende kerkgroeperinge moet ontstaan in ooreenstemming met die beginsel wat deur die onderskeie groepe binne die kerk bepleit word. Dit kan sonder kwade gevoelens teenoor mekaar geskied, want nie een van die vrye kerke wat so tot stand kom, sal homself as die enigste ware kerk beskou, en die ander as valse kerk brandmerk nie. Uiteraard sal elkeen se eie kerk volgens sy eie oortuiging die suiwerste openbaring van die kerk van Christus wees, maar daarmee word nie geïmpliseer dat die ander kerke nie ook ware kerke kan wees nie, al is hulle dan minder suiwer of selfs gedeformeer."

## "Andersdenkendes"

Hierdie siening van Kuyper oor kerkeenheid wat nou nog aanhangers het, het twee gevolge. Ten eerste dat 'n rustende houding ingeneem word om werklike eenheid van die liggaam van Christus te beleef, en tweedens dat die kerk nie meer die valse kerk in sy midde onderskei en bestry nie.

Christus se kerk ken nie iets soos "andersdenkendes" wat maar geduld moet word nie. Dié wat aan hulle eie mening meer waarde heg as aan die Hoof se opdragte, is die valse kerk. Die onderskeid tussen die ware kerk en die valse kerk moet weer skerp na vore kom. En die populêre onderskieding tussen die sigbare en onsigbare kerk help nie veel om die ware kerk duidelik te maak nie; die onderskeid vertroebel eerder die waters. Om hierdie onheilige drie-eenheid te bly handhaaf, waar die valse kerk nie alleen nie uitgewys word nie, maar aanvaar word as deel van die ware kerk, is om die kanker wat die kerk wil vernietig, openlik toe te laat. Dringende optrede en bekering is nodig.

## Ware of Valse Kerk?

Die ware kerk van Christus het die roeping om die valse kerk te bestry. As dit nie gedoen word nie, dan bewys ons onsself as die valse kerk - en mag God ons daarvan behoed. Nie almal wat sê dat hulle kerk is, is die ware kerk nie. Die onderskeid moet weer helder gestel word: Die valse kerk skryf aan homself en sy eie ordinansies meer gesag toe as aan die Woord van God en wil hom nie aan die juk van Christus onderwerp nie. Dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord verorden het nie, maar neem daaraan toe en voeg daartoe by na eie goeddunke, en dit steun meer op mense as op Christus (NGB 29).

Ons bely dat die twee kerke maklik van mekaar onderskei kan word, maar dit lyk tans of die wil by die gelowiges ontbreek om dit te doen. Laat ons weer die moed kry om vir die "van NIE-KERKs" te sê: "julle sê dat julle kerk is, dat julle Christus ken, maar julle is vals, omdat julle julle nie aan God se Woord in alles onderwerp nie".

## Christus se Eenheid

Prof. Klaas Schilder het die weg uit hierdie doolhof aangewys. Ons moet weer die valse kerk bestry deur te erken dat die kerkeenheid 'n gegewe van God is. Ons bely immers in NGB 28 dat die eenheid bewaar moet word - en nie daargestel moet word nie. Ons het die verpligting om die valse kerk in ons midde tot bekering te roep en, as hulle weier, hulle vermanend te tug OF ons van die valse kerk af te skei as die tug heeltemal verval het. Schilder stel dat die eenheid nie gekonstrueer moet word nie; die eenheid is reeds sonder die toedoen van die mens daar. Christus vergader sy kerk (vgl. sy Christelijke Religie, Nederlandse Geloofsbelijdenis, p.69-77).

Kerkeenheid word nie noodwendig deur een kerkverband gewaarborg nie. Die sweer wat die valse kerk veroorsaak, gaan tot 'n uitbarsting kom. Daar sal 'n kerklike herverdeling kom waar diegene wat die Skrif se gesag erken, uit die bestaande kerkverbande op spontane wyse mekaar se hande gaan vat. Diegene wat die Skrif wil bly beveg en bevraagteken met hulle eie konstruksies, moet as die valse kerk geëien word. Verder sal die sogenaamde charismatiese lyn, as hulle voortgaan met hulle selektiewe Skrifgebruik, hulle eie onordelike kerkverband vorm wat geen effektiewe weerstand sal kan bied teen dwaalleer nie, aangesien die regeer- en leeramp heeltemal misken word.

Ware kerk en valse kerk hoort nie onder een dak nie. Hoe gouer hierdie skynheilige drie-eenheid verbreek word, hoe beter vir die heil van die kerk. Die eenheid van Christus se liggaam is veels te heilig om deur valse teoretiese onderskeidings besoedel te word. As ons Christus as die enigste gesagshoof van sy liggaam bely, het ons geen ander keuse om die "van NIE-KERKs" uit hulle gate te rook nie.

A.L.A. Buys.

*"Dare we allow our Biblical heritage to be lost in a nebulous ecumenicity where belief has been reduced to the shortest possible doctrinal statement, in which peace is preserved by an all-embracing ambiguity? Or should we ponder the fact that when the Reformers preached the complete Biblical message in all its detail and with the greatest possible clarity, God granted the world its greatest spiritual awakening since the days of the apostles".*

Gordon H. Clark uit **What do Presbyterians believe?**

## SKRIFOORDENKING:

## God alleen regeer

Daniël 4:31 *"Terwyl die woord nog in die mond van die koning was, val daar 'n stem uit die hemel: Koning Nebukadnesar, jou word aangesê - die koningskap word jou ontneem".*

## Nebukadneser se trots

Nebukadneser se planne om die hele wêreld onder die dreigement van sy brandende vuuroond tot afgodsdiens te verlei, het klaaglik misluk toe God vir Sadrag, Mesag en Abednego uit die oond gered het.

Nou het Nebukadnesar 'n ander plan gekry. Eers wou hy 'n ander god dien. Nou sou hy wat Nebukadnesar is, god wees! Ja, Nebukadnesar het rondom hom gekyk, al sy eie prestasies en vermoëns raakgesien en baie trots op homself begin voel.

Menslik gesproke het Nebukadnesar baie gehad om op trots te wees. Hy het op sy paleis se dak gaan staan (vs 29) en oor die pragtige stad uitgekyk en gesê: "Kyk net hoe groot is Babel! Deur my groot mag het ek daarvan 'n koningstad gemaak, tot my eer en roem!"

Babel was werklik 'n onbeskryflike mooi stad: Ongeveer 300 vierkante kilometer groot, met drie mure omring Elke muur was 30 meter breed en tot dertig verdiepings hoog. In sy mure was daar honderd poorte. In die stad was paleise met torings tot vyftig verdiepings hoog. Baie huise in die stad was drie of vier verdiepings hoog. Die stad was weerskante van die Eufraatrivier geleë met 'n brug, meer as honderd meter lank, en met 'n tonnel onder die rivier deur verbind. In die stad tussen die pragtige kastele was kanale wat die mooiste tuine en parke natgelei het, waaronder een van die sewe wonders van die ou wêreld, naamlik Die Hangende Tuine van Babel. Onder die afgodstempels in die stad was ook Bel se tempel met 'n goue beeld van Bel wat na beraming ongeveer vyftigduisend kilogram geweeg het en in vandag se terme ongeveer tweeduisend miljoen rand werd was.

Nebukadneser was in sy eie persoon ook 'n magtige man. As hy wou, het hy selfs mense se kinders geslag (2 Kon 25:7) en hulle in die vuur gebraai (Jer 29:22) en niemand kon hom keer nie. Ook was hy intiem verbonde aan die afgode van sy tyd (Jes 47:12-13) en sy eie naam het beteken dat die afgod Nebo self die beskermer van sy koningskap was.

## Gewaarsku

Nou ontvang Nebukadnesar van God 'n waarskuwing om met sy sondes en ongeregtigheid te breek. Twaalf maande sou hy daarvoor tyd gegun word - so nie sou dit met sy koningskap verby wees. Twaalf maande is die Goddelike vonnis opgeskort. Twaalf maande van genade is aan Nebukadnesar gegun om te erken dat God alleen regeer en om sy volk te laat terugkeer na Palestina.
Maar aan die einde van die twaalf maande se genade het Nebukadnesar op sy paleis se dak gaan staan en steeds net op homself en al sy grootheid geroem. En toe het sy droom werklikheid geword. God het hom gegryp en verneder tot by die vlak van 'n wilde dier. Menslikheid sonder goddelikheid het nou dierlikheid geword. Sonder die Here in ons lewe verdierlik ons.

Sewe tydperke het oor hom heengegaan. Dit beteken die volle tyd wat God met hom wou werk. Saam met die wilde donkies het hy gebly en gras gevreet. Snags het hy in die veld geslaap. So lank het dit geduur dat sy hare lank soos die vere van arende en sy naels soos voëlkloue geword het - totdat Nebukadnesar erken het dat die Here alleen koning is.

## Waarskuwing en Troos

Hierdie gebeure is vir ons 'n waarskuwing en 'n troos. Die waarskuwing is dat hoogmoed tot ondergang lei. Die Here waarsku in Spreuke 8:13 dat Hy hoogmoed haat en 1 Pet 5:5 sê dat God hoogmoediges weerstaan.

Hoe is ons nie almal geneig tot hoogmoed nie! So maklik sien ons onsself beter as ander mense. So maklik klop ons onsself op die skouer as ons van ander se sondes en val hoor en sê ons vir onsself dankie dat ons nie soos die ander mense is nie. Ja, gee rykdom en aansien nie ook die deurslag in ons optrede teenoor 'n ander nie? Kyk ons nie ook dikwels net in ons eie prestasie vas nie? Hoogmoed lei tot vernedering. Eiewaan lei tot verdierliking. Selfs in ons godsdiensbeoefening kan ons van God se genade getuig, maar eintlik terselfdertyd besig wees om oor onsself te spog: Kyk hoe 'n slegte mens was ek eers, en kyk hoe 'n groot gelowige is ek nou."

Hoogmoed moet plek maak vir dankbaarheid. Die gelowige staan nie op die hoogtes en staar oor eie prestasie nie, maar is op sy eie knieë in dankbare gebed voor Hom sonder Wie se genade ons nie eens een maal kan asemhaal nie.

Maar dan vind ons ook troos in hierdie gebeure. Israel het gedink dit is klaar met hulle. Hoe sou hulle ooit weer uit die mag van hierdie wêreldmoondheid kon ontkom? Die toekoms was pikdonker. Maar dan lees ons in vers 31 dat Nebukadnesar se spogwoorde nog in sy mond was toe 'n stem uit die hemel aankondig: "..die koningskap word jou ontneem".

En dit is die troos vir elke gelowige. Alle mag in die hemel en op die aarde behoort aan God alleen. Openbaring 17 en 18 leer ons dat daar weer 'n magtige Babeloniese ryk gaan kom in die tyd van die finale antichris. Weer gaan die wêreld verwonderd agter hom aanloop. Hierdie Babilon van die laaste dae gaan mense ryk en belangrik maak met haar weelde en besittings. Soos die ballinge in Daniël se tyd daar in Babel gesit en huil het (Ps 137) sal dit ook weer met gelowiges in hierdie nuwe era van Babel wees. Daar sal vervolging en haat teen gelowiges wees soos nog nooit voorheen geken is nie. Dit mag selfs spoedig in ons eie tyd gebeur.

## Jesus Christus alleen Koning

Maar die groot troos van die geloof is dat ons kan weet dat Jesus Christus alleen Koning is. Hy het selfs die dood oorwin, opgestaan uit die graf en sy troon met die hemelvaart bestyg. Hy heers. Hy regeer. Aan sy koningskap is daar geen einde nie.

Watter donker dieptes van beproewing die toekoms al mag inhou; watter vervolging of spot ook al oor ons mag kom - dit kan net so ver gaan soos Hy dit toelaat. En as sy bepaalde tyd aanbreek, sal die spot en spog nog in hulle monde wees. Dan word hulle koningskap hulle ontneem as Jesus Christus se wederkoms ons deel word.

Nebukadnesar, wie se koningskap deur Nebo beskerm moes word, is niks en nietigheid voor God. Bel se goue beeld is fyngekap en weg. Babel is vernietig voor hulle vyande! Ja, al die wêreld se skatte en geld en mag en aansien is niks voor God nie.

Hy regeer. Hy regeer ons lewe. Hy bepaal elke oomblik ons bestaan. Ons is kinders van die Koning wat weer kom om te oordeel die lewende en die dode. Ons is burgers van 'n koninkryk wat selfs anderkant die dood weer lewe gee. Ons koninkryk se fondanemte lê nie op rivieroewers in heidenlande nie, maar is gegrondves op die Rots Jesus Christus alleen.

In donker dae en deur vervolginge heen weet ons altyd: Christus in wie ons reeds van die sondedood bevry is, kom sekerlik weer.

Vir sy kinders geld die belofte van Luk 12:32: "Moenie bang wees nie, klein kuddetjie, want dit was die wil van julle Vader om die koninkryk aan

julle te gee". Soos Abraham in die woorde van Heb 11:10 verlang ook ons nie na die wêreldstad Babilon met sy wêreldse en oppervlakkige rykdom en vermaak en skouspel en grootdoenerigheid nie, nee, ons verlang na "die stad wat vaste fondamente het en waarvan God self die ontwerper en bouer is."

Dr. Wynand du Plessis. (Uit "Daniël, tien preke", 1991)

* * *

## 'n BYBELSE DEFINISIE VAN WAT VOLK IS

### Voordrag voor die 1997 Kongres van die Vereniging Bybel en Volk, Pretoria

Die definiëring van volk in die grondwet (Vereniging Bybel en Volk) is 'n goeie poging om die vele fasette van die begrip volk vas te vat. So 'n definisie kry ons nie in die Skrif in 'n enkele teksvers saamgevat nie; die Skrif definieer eenvoudig volk met die Skepping van die mens. Om dus 'n Bybelse definisie van volk te gee, is om na Gen 1:26-27 terug te gaan waar God die mens skep as man en vrou in 'n saamleefverband en Gen 2:24 waar God die huwelik instel.

Wanneer God die huwelik tussen man en vrou instel, kan die mens eindelik voortgaan met sy roeping om vrugbaar te wees, te vermeerder en die aarde te vul. God skep dan daarmee die patroon waarop die raadsplan van God moet ontplooi, naamlik die samelewingsverbande volgens die patroon van saamlewe rondom die beginsel van versmelting, die "een vlees wees". Hierdie versmelting vind plaas rondom 'n Godgegewe band en dit gee gestalte aan 'n binding met 'n eiesoortige karakter en gesagsstruktuur bv. huwelik, staat, kerk, skool, ens. Hier is die volgende belangrik:

⋆ Die versmeltingsbeginsel van volk.

⋆ Die gesagstruktuur van so 'n binding.

⋆ Wat is die eiesoortige karakter van "volk"?

Dit blyk uit die Skrif dat "volk" deel van die ontplooiingspatroon is. Ons hoef nie verder as Gen 10 te gaan om te sien hoe die mensdom na die sondvloed in volkere ontplooi nie, en hoe die toring van Babel ongehoorsaam aan hierdie patroon van ontplooiing is, en dat God die ontplooiing in volkere gedwonge laat plaasvind met die taalverwarring. Uit Gen 10 sien mens dat die verdeling van die mensdom (of die versmelting van volkere) plaasvind rondom 'n paar aspekte bv. taal, demografie, afkoms, afstamming, geborgenheid en assosiasie. God het egter 'n hand hierin, nie net deur sy geskape wil nie, maar ook direk deur die ontplooiing te dwing en te lei in die rigting wat Hy wil. God gee volgens sy wil rigting aan die ontplooiing waar en as die mens nie gehoorsaam aan die patroon van ontplooiing is nie.

In dié sin kan ons ook Hand 17:26 verstaan as Paulus op die Areopagus sê: "En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, sodat hulle die Here kon soek ..."

Doen mens nou 'n studie van die woord "volk" in die Skrif, dan dui die Skrif aan dat daar 'n verskeidenheid verbande is wat so na aan mekaar lê met noue verbonde onderlinge samehang, dat hulle selfs soms uitruilbaar vir mekaar is. 'n Verskeidenheid van verbande moet erken word, elkeen uniek kragtens die besondere gekonkretiseerde wil van God wat die binding karakteriseer. Daar is 'n groot vervlegting van verbande, maar ons moet waak om nie die verbande te vermeng nie. 'n Individu, dieselfde mens, kan in verskeie samelewingsverbande versmelt wees.

Mens moet nie die volk van God binne die Afrikaner sonder meer betrek op die Afrikanervolk nie, en ook nie die Afrikanervolk per definisie as volk van God beskou nie. As jy ver genoeg teruggaan in die geskiedenis, kan alle volke op die besondere sorg van God roem, omdat alle volke hulle oorsprong na Adam en Eva en die gelowige Noag kan terugvoer. Die volk van God bestaan in die Afrikanervolk, en uit die Afrikanervolk kom daar lede van die volk van God soos uit baie ander volke.

In die Skrif word verskillende woorde gebruik om groeperings van mense mee aan te dui. Die belangrikste van hierdie woord is volk, nasie, stam, nageslag, generasie (familie), tonge (tale) en "demos" (volk as politieke liggaam). Al hierdie terme dra by tot 'n Bybelse definiëring van "volk".

### Volk (*laos* in Grieks)

Die woord "laos" word soms in die Skrif gebruik om die hele mensdom aan te dui soos wat dit saamgestel is uit die verskillende volke ('n volk + 'n volk + 'n volk ens). Vanuit 'n godsdienstige oogpunt beskou kan ons egter sê die volkere bestaan uit die nasies (ethne in Grieks) en die volk (laos), nie uit 'n volk + 'n volk + 'n volk nie, maar die volk plus die nasies. Die volk word dan nader bepaal as die volk van God, en die nasies as die mensdom in sy verskeidenheid soos wat dit ontplooi het na die sondvloed. Histories-etnies gesien bestaan daar baie

saamgroepeerbare volkere (laoi = meervoud van laos), godsdienstig gesien val die volkere (laoi) uiteen in twee ongelyksoortige groepe volke naamlik die volk van God en die heidennasies.

Hierby moet ook daarop gelet word dat volk (laos) as 'n tegniese term vir die volk Israel as volk van God gebruik word, ook om die gelowiges uit die heidennasies, die plaaslike gemeente, die hele kerk en die nuwe mensheid op die nuwe aarde mee aan te dui. Omdat die begrip volk (laos) in die Skrif ook losgemaak word van die betekenis óm 'n histories-etniese groepering van mense aan te dui, moet 'n mens baie versigtig wees om volk op klankwaarde van die woord uit die Skrif te definieer.

## Volk en werke

In die boek Openbaring beteken die woord volk (laos): die volke in hulle daadwerklike, historiese bestaan, soos die een volk sigbaar onderskei is van die ander. God word dan ook verheerlik daarin dat die volke (en nasies, tale, stamme) toestroom tot sy troon en die knie voor Jesus Christus as Hoof oor die Skepping buig (Open 7:9). Hierdie openbaring speel 'n belangrike rol in die definiëring van kultuur, omdat dit die vraag daar stel of die Afrikanervolk - en sy werke - voor die troon van God gaan verskyn tot eer van God of nie.

## Nasie (*ethnos* in Grieks)

Die woord ethnos (nasie) dui deurgaans in die Nuwe Testament 'n nasie of volk in histories-etniese sin aan met die nadruk op die konkreet-teenswoordige bestaan van die volk as die nasionale entiteit, en op die eie taal en samehorigheidsgevoel van die volk, en in 'n mindere mate die eie land en afstammingsverband van die volk. Ons woord "etnies" in Afrikaans, wat verband hou met die woord ethnos, dui meer die natuurlike verbondenheid van 'n volk aan, wat insluit afstammingsverband, algemene samehorigheid- en verbondenheidsgevoel, en die kulturele verband (taal, tradisie, gewoontes, volksaard). Die begrip ethnos (nasie) in die Skrif blyk 'n wyer begrip te wees as die woord "etnies" in Afrikaans. Nasie is nie bloot die optelsom van volk + volk + volk nie, daar moet samehorigheid wees.

## Een woord: vele betekenisse

Dit is moeilik om te onderskei of bv. die Afrikanervolk 'n nasie is. Mens kan dit so stel: 'n lid van die Afrikanervolk kan lid van die "rainbow nation" wees, en 'n lid van die Engelse volk kan lid van die Afrikanernasie wees. Die meervoudsvorm (ethne) kan ook gebruik word om die suiwere sin van histories-etniese nasies; of in godsdienstig-histories-etniese sin die heidennasies of in 'n suiwer godsdienstige sin, die heidene mee aan te dui.

## Stam (*fulee* in Grieks)

Die woord "stam" dui mense aan wat met bande van bloed en afkoms en lokaliteit aan mekaar verbind is. Gewoonlik is dit 'n kleiner eenheid binne 'n volk. Dit het 'n baie sterk etniese konnotasie. Dit kan ook volkere aandui as die etniese eenhede waaruit die mensdom saamgestel is.

## Nageslag, generasie, familie (*genos*, *genea*, *patria* in Grieks)

Nageslag is nie primêr 'n volksbegrip nie, maar waar die woord as volksbegrip gebruik word, het dit 'n etniese konnotasie en gaan dit feitlik uitsluitlik om die afstammingsverband. Dit dui veral die engere familiekring aan en dien in die Ou Testament as wisselterm vir stamme. Dit is ook belangrik om daarop te let dat die verbond van God met Abraham en sy nageslag aangegaan word. Geloof in Christus verplaas iemand uit 'n nageslag tot die nageslag van Abraham - dit moet dus in godsdienstige sin verstaan word.

## Tonge (*gloossa* in Grieks)

Die term het 'n oorwegend etniese konnotasie en dui 'n volk aan in sy linguistiese (talige) onderskeid van ander volke.

## Stadsregeerders (*demos* in Grieks)

Die woord demos dui veral die volk as politieke liggaam aan, en meer spesifiek die regerende volksvergadering van die burgers van die stad. Dit blyk dus uit die naby verwante betekenis van die begrippe dat die definiëring van die volk gaan bepaal watter gedeelte van die bevolking as volk beskou word. Die werklikheid bestaan egter ook dat nie almal wat aan die definisie voldoen, hulleself as volk beskou nie, en dié wat hulleself as sodanig beskou, nie noodwendig as volk aanvaar nie.

## Die Afrikaners as volk

Ons moet waak daarteen dat een verband totalitêr en outoritêr wil wees. As gevolg van die staat se strewe deur al die eeue om totalitêr te wees, het die Afrikaner volk en staat in die verlede grootliks met mekaar vermeng. In sekere gevalle moet volk en nasie geskei word, veral as mens in ag neem dat lede van verskillende volke 'n nasie kan wees en tegelykertyd verskillende tale kan hê, ens. Die Afrikaner sal bereid moet wees om sekere dinge af

te sterf as die volk opnuut gebore wil word. Mens sal verbind moet wees tot radikaal Bybelse denke, al maak dit soms seer. Dit is dus 'n roeping om volk te onderskei van ander samelewingsverbande deur te vra na die God ge-wil-de (ontiese) wet vir volk. Dit bring mens terug by 'n soeke na die versmeltingsbeginsel, gesagstruktuur en eiesoortige karakter van volk.

## Die versmeltingsbeginsel vir volk

Wat ons wel uit die Skrif kan alfei, is dat die huisgesin, familie en volk die huwelik as basiese verband het. Oor die huwelik as basisverband vir volk is daar in die Skrif baie riglyne van wie met wie in die huwelik mag tree (Mal 2:1 "Juda het troueloos gehandel ... en hy het die dogter van 'n uitlandse god getrou", 2 Kor 6:14 "Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie,") ook wat die aard, taak en roeping van die verband (huwelik) moet wees (Ef 5). Die volk wat hieruit voortvloei, staan net soos die huwelikspaar, onder die regstreekse soewereiniteit van God en moet 'n God-verheerlikende lewe lei.

## Kerkorde en volksorde

Uit die versmeltingsbevel vloei voort dat die gesagstruktuur van die volk daarom voortdurend moet vra na sy verhouding met die Woord van God, en die God van die Woord. Die liefdeswet wat God aan die mens gegee het, moet deur die gesagstruktuur van die volk, onder leiding van die wet vir die binding, in reëls gepositiveer word. Dit beteken in werklikheid dat ons 'n volksorde moet opstel, soos wat ons ook 'n kerkorde aantref. As volk 'n gewilde binding is, dan moet die gesagsdraers van die volk gesag uitoefen oor die terrein waaroor hulle met gesag beklee is, naamlik die volk.

## Wat is Versmeltbaar?

Die gesagsdraers moet veral toesig hou oor die versmelting tot die volk. Die proses van versmelting tot volk vereis egter harde werk en deeglike organisasie. Dit is 'n proses wat ook genoem kan word die proses van een + een = een. Ons moet veral aandag daaraan gee dat die versmeltingsbeginsel begrensd is. Dit hou in: versmelt die versmeltbares rondom die gegewe band goed. Mens moet dus kyk na wat versmeltbaar is binne 'n gegewe ontiese binding. Elke verband het sy eie grense en interne eise wat versmeltbares bepaal. Die Afrikaner moet begrens word met die Woord as norm. Kain, as staatshoof, bou 'n stad, en hy besluit wie binne die mure van die stad geborgenheid sal ontvang en wie nie, en hy begrens die verband, alhoewel nie noodwendig gehoorsaam nie. Net so kan die gesagstruktuur van die volk uit die Woord bepaal wie versmeltbaar is binne die volk.

Josef (koning van die volk in wording) sê aan sy familie in Gen 46:34: "Sê julle nering is veeboere, sodat julle in die land Gosen kan gaan woon. Want elke herder van kleinvee is vir die Egiptenaars 'n gruwel." So raak die volk begrensd en woon hulle begrensd in die land Gosen. God beskik die tye en grense van ons woonplek, ons moet sê wat ons is. Ons het hierin ook 'n verantwoordelikheid om volgens God se wil op te tree.

## Nuwe volk nie onmoontlik nie

Die "natuurlike" versmelting (God-ge-wil-de versmelting) geskied rondom mense vanuit eenderse milieus en gemeenskaplike kulture. In die Nuwe Suid-Afrika se poging om die demokrasie te vergroot, mag ons nie toelaat dat die beginsel vir versmelting van volkere genegeer word nie. Die stigting van 'n nuwe volk in die nuwe Suid-Afrika is egter nie onmoontlik nie, God mag dit ook wil. Trouens, Hy het uit Franse en Hollanders en Engelse 'n Afrikanervolk laat versmelt, maar dit is nie on-Skriftuurlik om nie van hierdie "rainbow nation" deel te wees nie. Veral nie as die motief vir die totstandkoming van die nasie in ag geneem word nie, nl. die vergroting van die demokrasie.

## God se Wil vir Volk

Mens moet egter soek na God se wil vir "volk" as verband, en ons kennis van hierdie gekonkretiseerde wil gaan rigting gee aan ons aktualisering van die verband en die gesagsbeginsel daarvan. God se wil vir volk, die ge-wil-de binding, is 'n klomp goed nie. Dit is nie demokrasie nie, ook nie humanisme nie, ook nie rassisme nie, ens. Dis 'n roeping om God se wil vir volk te soek, te identifiseer en te konkretiseer.

## Mensewerk rondom versmelting

Miskien lê dit in die rigting van 'n God ge-wil-de verband om geborgenheid en saambinding aan die huwelike te verskaf en skool- en kerkinrigting te struktureer. Die gedagte van skool in die volk en kerk in die volk is dan nie so vergesog nie (nie volkskool en volkskerk nie). Die Here se opdrag aan die mensdom in verbande is om te vermenigvuldig en die aarde te vul op die patroon van eenvlesigheid. Een plus een is een. Dit geld vir volk. Duisende mense versmelt tot een ding, volk. Om dan nou my volk te definieer, hang af van die wil van God vir volk en wat die daaruit afgeleide begrensing is. Die verdraaiings en vervalsings van mensewerk rondom hierdie versmelting oor die eeue moet raakgesien word en in die lig van die Skrif reformeer. God se soewereiniteit moet teruggewin en geproklameer word oor dit waaroor Satan so graag triomfeer.

Dit moet onthou word dat die enkeling wat in 'n volk versmelt, ook in baie ander verbande versmelt kan wees. Die harmonie van die verbandslewe moet uitgewerk en verseker word. Die gesagsdraers van die volk moet die verbandslewe verseker en verbeter, en met ander verbande se gesagsdraers die samehang in harmonie hou. So moet volksgesag saam met ouerkomitees, staatshoofde, kerkrade ens die harmonie reël - dit is harde werk. Om dié doel te bereik, kan vrye assosiasies met grondwet, reglement, ens. in die lewe geroep word (georganiseer word) om gestalte te gee aan die verbande. Die organiseerbare moet goed georganiseer word; dit sluit die volk in.

## Die Mens se Roeping

Wat is die mens se roeping ten opsigte van sy volk? Eers moet gevra word wat is die roeping van die volk? Is dit om kultuur te koester, te bewaar, uit te bou en kultuur te reformeer? Of om die Woord uit te dra? Of om die ideaal van 'n eie grondgebied te verwesenlik ?

Volk met 'n binding rondom die sendingopdrag is kerk, volk met 'n binding rondom eie grondgebied is staat. Vanuit God se wet vir die volk, moet ons opnuut ons volk definieer, organiseer en herstruktureer. Mens hoef nie 'n wafferse profeet te wees om te weet dat die Afrikaner in verstrooiing is nie. Die konings van materialisme, sosialisme, hedonisme, demokrasie, post-modernisme en wat nog meer het ons volk in ballingskap verstrooi. En uit hierdie ballingskap moet die soewereiniteit van God oor volk, ook oor die Afrikanervolk, opnuut uitgespel word. Dit gaan moeilik wees om die roeping in 'n "nuwe Suid-Afrika" na te kom en uit die wrede kloue van rassistiese demokrate te bly.

Ds. S.J.M.S. Smit

## Werke geraadpleeg:


Booyens, M.J. 1988. God se ordelike weg in die ontstaan, bestaan en voortbestaan van volke op aarde. In: *Wat sê die Bybel van kerk en volk*. Parys: VBV.

Coetzee, J.C. 1965. Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament. Potchefstroom. Pro Rege.

Grondwet: Vereniging Bybel en volk.

Taljaard, J.A.L. 1995. ...en dit was aand, en dit word more...die sewende dag. Piet Retief. Veritas.

Van der Wateren, H. Afrikanervolkskultuur. In Afrikaner-toekoms. Orkney. EFJS.

Zylstra, C.E. 1996. One last chance to tell the truth. Possibilities and Perils in a Postmodern age. In: *Pro Rege*, XXV, 1 Sept p 1-6.


* * *

# DIE PLIG VAN DIE ONDERDAAN IN DIE STAAT VOLGENS CALVYN


Dr. D.F. Du Plessis


Volgens Calvyn (Inst 4.20.17) is die owerheid, op grond van Paulus se uitspraak, 'n dienaar van God. Dit is so deur God beskik dat die mense deur die mag en bystand van die owerheid teen die goddeloosheid en onregte van misdadigers beskerm word om rustig en veilig te kan leef. Die onderdaan kan hom dus op die owerheid beroep om reg te laat geskied, byvoorbeeld by wyse van die regstelsel. Calvyn stel egter riglyne voor oor hoe regsgedinge gevoer moet word (Inst 4.20,18,19 en 20).

## Eerbied

Die eerste plig wat die onderdane teenoor die owerheid het, is om sy funksie as regering met die grootste respek te bejeën, terwyl hy ook moet erken dat die bevoegdheid deur God aan die owerheid opgedra is (Inst 4.20.22). Die owerheid moet dus eerbiedig word as dienaar en gesant van God. Calvyn toon aan dat die Bybel vereis dat onderdane nie net deur vrees gelei moet word om aan owerhede ondergeskik te wees nie - soos om voor 'n gewapende vyand te swig nie - maar dat hulle eerbiedig gehoorsaamheid aan die owerheid moet betoon asof dit gehoorsaamheid aan God self is, aangesien die owerheid se mag van God kom. Die owerheid moet dus eerbiedig en gehoorsaam word, nie alleen uit vrees vir straf nie, maar vanweë die gewete. Calvyn kwalifiseer hierdie standpunt deur daarop te wys dat hy nie praat van die mense (in die owerheid) "asof dwaasheid, luiheid, of wreedheid en slegte maniere wat vol skande is, onder 'n masker van eerbiedwaardigheid bedek moet word nie en dat die owerheid vir sy ondeugde die lof van deugde moet kry. Ek sê wel dat die orde van die owerheid self eer en respek verdien sodat almal wat oor ons gestel is, vir ons kosbaar moet wees en vanweë hulle regering eerbied van ons moet ontvang".

## Gehoorsaamheid

Behalwe vir eerbied aan die owerheid, het die onderdane ook 'n tweede plig, naamlik gehoorsaamheid aan die owerheid (Inst 4.20.23) Die onderdaan moet gehoorsaamheid aan die owerheid betoon deur hulle verordeninge te gehoorsaam, deur belastings te betaal, deur algemene welvaart te beskerm en deur ander bevele uit te voer. Calvyn beroep hom op verskillende bepalings in die Nuwe Testament wat stel dat gehoorsaamheid 'n opdrag van God is. Die mens word volgens hom ook opdrag gegee om opreg en van harte vir die owerheid te bid en hy

haal in dié verband Paulus in 1 Tim 2:1 aan: "Ek vernaam julle dat smekinge, gebede, voorbede en danksеggings vir alle mense gedoen moet word, vir konings en alle hooggeplaastes sodat ons 'n stil en rustige lewe kan lei met alle godsvrug en eerbaarheid". Calvyn kom tot die gevolgtrekking dat 'n mens hom nie teen die owerheid kan verset sonder om hom terselfdertyd teen God te verset nie.

## Betooglewering aan die owerheid

Calvyn voeg daarby dat indien iets in die staatsbeleid voorkom wat reggestel moet word, mense nie daaroor in oproer moet kom of selfs iets daaraan moet doen nie, maar dat hulle dit ter kennisname onder die owerheid - wat alleen bevoeg is om iets daaraan te doen - se aandag moet bring. Hy gaan sover om te verklaar dat onderdane niks mag doen as hulle nie beveel word om dit te doen nie - eers dan tree hulle met gesag van die owerheid op.

## Gehoorsaamheid aan 'n tirannieke owerheid

Calvyn (Inst 4.20.24) skryf dat die argumentasie oor eerbied en gehoorsaamheid vanselfsprekend geld vir 'n owerheid wat "'n vader van die vaderland, soos die digter sê, 'n herder van sy volk, 'n bewaarder van die vrede, 'n beskermer van regverdigheid en 'n verdediger van onskuld" is. Volgens Calvyn was en is daar egter vorste wat nie regverdig en billik optree nie (en Calvyn gee daarna 'n lys van voorbeelde van wyses waarop vorste hulle wangedra en hulle roeping versaak). Hy noem dan dat daar mense is wat nie kan aanvaar dat hulle "sulke vorste moet erken aan wie se gesag hulle sover moontlik gehoorsaam moet wees nie. In so 'n onwaardige optrede en in sulke misdade wat so vreemd is, nie alleen aan die plig van die owerheid nie, maar ook aan die plig van 'n gewone mens, sien onderdade geen gedaante van die beeld van God wat in die owerheid behoort te skitter nie". Hulle erken so 'n persoon dan nie as 'n owerste nie, ten spyte daarvan dat die Bybel sy gesag en aansien by die mense aanbeveel.

## Slegte owerheid ook deur God verwek

Calvyn (Inst 4.20.25) toon uit die Bybel aan dat die onderdane hulle nie alleen moet onderwerp aan die gesag van vorste wat hulle taak behoorlik uitvoer nie, maar ook aan die gesag van almal wat op enige manier regeer - al sou hulle glad nie doen wat hulle plig van hulle vereis nie. God verklaar dat die owerhede, hoe hulle ook al mag wees, hulle gesag slegs van Hom af kry. Hy sê verder "dat diegene wat tot voordeel van die publiek regeer, ware voorbeelde en bewyse van sy goedgunstigheid is, maar dat diegene wat onregverdig en swak regeer, deur Hom verwek is om die ongeregtigheid van 'n volk te straf, maar dat hulle almal met daardie majesteit beklee is waarmee Hy die wettige mag toegerus het".

## Mag van God

Calvyn verklaar: "Ons moet ons eerder daarop toelê om dit te bewys wat nie so maklik vir mense se verstand is om te begryp nie, naamlik dat daar in die slegte mens wat alle eer die minste waardig is, maar in wie se hande openbare gesag geplaas is, ook daardie voortreflike mag van God gevestig is wat die Here in sy Woord aan dienaars van geregtigheid en reg verleen het; en dat hulle daarom deur hulle onderdane met dieselfde eerbied en agting bejeën moet word as waarmee hulle die heel beste koning sou bejeën as so 'n koning hulle gegun was".

## Daniël

In deel 4.20.26-27 van die Institusie bied Calvyn spesifieke Skriftuurlike bewyse aan wat aantoon dat alle owerhede deur God ingetsel is en daarom gehoorsaam moet word. Hy verwys veral na die boek Daniël waarin verklaar word: "Die Here verander die tye en die wisselinge van tye: Hy sit konings af en Hy stel konings aan" en "sodat dié wat leef, kan weet hoe magtig die Allerhoogste in die regering van mense is, en Hy sal dit gee aan wie Hy dit wil gee".

## Nebukadneser

Calvyn verwys ook na Nebukadneser wat 'n invaller en verwoester van ander volke was en wat ook Jerusalem verwoes het - "tog verklaar die Here in Esegiël dat Hy Egipte aan Nebukadneser gege het vir die gehoorsaamheid wat hy betoon het deur Egipte te vernietig". Calvyn beklemtoon die wyse waarop Daniël vir Nebukadneser aanspreek: "U, o koning, is die koning van die konings, want die God van die hemel het aan u 'n kragtige, 'n sterk en eervolle koninkryk gegee, en hy het al die landstreke waar die mensekinders woon, die diere van die veld en die voëls van die hemel in u hand oorgegee en Hy het u oor hulle laat heers". Calvyn beroep hom daarop dat toe die Israeliete daarop aangedring het om 'n koning te hê, Samuel verkondig het watter soort lyding die Israeliete onder hulle koning sou ondergaan.

## Opruiende gedagtes

Jeremia (27:5-7) profeteer ook: En nou het Ek al hierdie lande gegee in die hand van my dienskneg Nebukadneser, en al die nasies sal hom dien en al

diemagtige konings totdat die tyd van sy land ook sal kom. En dit sal gebeur dat Ek die volk en die koninkryk wat die koning van Babel nie dien nie, met die swaard, hongersnood en pes sal tref; dien daarom die koning van Babel en lewe." Volgens Calvyn dui dit op die gehoorsaamheid waarmee God wou hê dat hierdie "verskriklike wrede tiran gedien moes word - en dit om geen ander rede as dat hy die koninskap beklee het nie. Dit opsigself het bewys dat hy volgens 'n hemelse bevel op die koninklike troon geplaas en in koninklike majesteit opgeneem is - en dit is iets wat nie geskend mag word nie. As ons voortdurend in gedagte en voor oë hou dat selfs die slegste konings volgens dieselfde besluit van God aangestel word as waarmee die gesag van alle konings bepaal word, sal opruiende gedagtes nooit by ons opkom nie" (Inst 4.20.27)

## Jeremia

Calvyn (4.20.28) toon ook 'n tweede bevel aan waar God deur Jeremia sy volk beveel om die vrede van Babilon, waarheen hulle in gevangenskap weggevoer is, te soek. Hulle moes ook vir hierdie stad tot Hom bid, want die vrede van die stad sou ook hulle vrede wees. Die Israeliete wat van hulle eiendom ontneem, van hulle huise weggeskeur en in slawerny weggevoer is, word gebied om vir die voorspoed van hulle oorwinnaar te bid - nie vir die oorwinnaar se beswil nie, maar sodat sy koninkryk veilig en vreedsaam bewaar mag word en die Israeliete ook onder hom voorspoed mag geniet.

## Gesalfde van God

Die onaantasbaarheid van die koningskap word ook bewys deur Dawid se optrede, wat nadat hy reeds as koning aangewys en gesalf is, deur Saul aangeval word. Nogtans het Dawid die lewe van sy aanvaller heilig geag omdat die Here hom met die eer van sy koningskap geheilig het. Hy het geweier om die gesalfde van God dood te maak, alhoewel dit binne sy vermoë was.

## God sal oordeel

Calvyn beklemtoon (4.20.29) dat 'n gesindheid van eerbied en godsvrug tot die uiterste toe aan alle owerhede verskuldig is. "As ons daarom deur 'n wrede vors getreiter word; as ons roofsugtig deur 'n gierige en uitspattige vors beroof word; as ons deur 'n luiaard verwaarloos word; as ons laastens deur 'n goddelose en heiligskennende vors vanweë ons Godsvrug geteister word, moet ons eerstens oor ons eie oortredinge nadink, omdat dit ongetwyfeld met sulke gesels deur die Here getugtig word. Na aanleiding hiervan sal ootmoedigheid ons onverdraagsaamheid beteuel." God sal uiteindelik oor hulle oordeel en "dan bly daar slegs dit vir ons oor, dat ons die Here se hulp moet inroep omdat konings se harte en koninkryke in sy hande is".

## God verwek ook volksbevryders

Die konklusie waartoe Calvyn (Inst 4.20.30) kom, is dat God op sy tyd 'n onregverdige owerheid onttroon en met 'n ander owerheid sal vervang. God wek soms uit sy diensknegte mense op as openbare wrekers en "Hy rus hulle met sy gebod toe om 'n misdadige oorheersing te straf en 'n volk wat deur onregverdige maatreëls onderdruk is, van hulle ellendige rampsaligheid te verlos. Soms beskik hy oor die troon van mense wat iets anders in gedagte gehad het en bedoel om iest anders te doen. So het Hy die Israeliete deur Moses van die dwinglandy van Farao bevry, en deur Otniël uit die geweld van Kusan, die koning van Sirië. Volgens Calvyn is daar ook ander bewyse dat die Israeliete deur ander koning en rigters van slawerny bevry is: "Die oormoedigheid van Babelonië is weer deur die Meders en Perse getem nadat Sirus reeds die Meders onderwerp het". So gebruik Calvyn verskeie voorbeelde om aan te toon hoe God ander volke gebruik om sy eie volk te straf. Daardie volke wat gebruik word om Israel te straf, word op hulle beurt weer deur God se oordele getref.

## Twee groepe

Calvyn onderskei tussen twee groepe wat God gebruik om sy raadsplan tot uitvoer te bring. In die eerste groep is daar diegene soos Moses wat deur God opdrag gegee word om sulke dade wettig te verrig. Diesulkes het, toe hulle die wapen teen bepaalde konings opgeneem het, in opdrag van God opgetree om 'n mindere mag met God se groter mag te bedwing (Calvyn gebruik die analogie van konings wat soms hulle stadshouers mag straf omdat hulle onder die koning se gesag is). Die tweede groep is diegene wat deur God bestem is om te doen wat Hy goedvind. Hulle het sy werk verrig sonder dat hulle dit geweet het, alhoewel hulle niks anders as goddeloosheid in gedagte gehad het nie (bv Nebukadneser).

## Geen Sluipmoord

Calvyn neem sterk stanpunt daarteen in dat 'n mens dit nie mag oorweeg om 'n tiran te vermoor nie: "Daar is byvoorbeeld nie 'n daad wat voortrefliker geag word as om jou vaderland van 'n tiran te bevry nie - en dit is selfs onder filosowe die opvatting. Tog word 'n burger wat sy hand aan 'n tiran slaan, openlik volgens die uitspraak van die hemelse Regter veroordeel (Inst 3.10.6).

* * *

# Grondslae

*van*

# Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

★ *Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

★ *Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

★ *Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

## WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ..................................................

Adres:..................................................

..................................................

..................................................

Poskode:..................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie:..................................................

Datum:.................................... Handtekening:....................................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a Ds. A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01782 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS